Liewe ouer,

Die bekende skrywer van die boeke “Kweek kinders met karakter”en “Kweek gesonde gesag”, Hettie Brittz, het vanaf Februarie 2009 fasiliteerders opgelei om haar reeds bekende

ouerleidingkursus reg deur Suid-Afrika en oorsee aan te bied. Die nuwe Ïmmergroen Ouerskapkursus bevat praktiese, Bybelgefundeerde ouerskaptoerusting.

Ek is ‘n geakkretiteerde Immergroen Ouerskap Fasiliteerder en bied hierdie Ouerleidingkursus aan, waar die volgende tema’s hanteer word:

1. Merke, gereed, kweek – inleiding tot Immergroen Ouerskapkursus
2. Die Bome in ons tuin – Hettie se boomsoorte (temperamente) vir jou en jou kind
3. Waardige tuinierskap – Goddelike gesag
4. Tuin van Dissipelskap - Besluitnemingsgereedskap
5. Groeiseisoene – Jou kind se psigososiale en morele ontwikkeling, dissipline ontwikkelingsmodel en jou natuurlike gesagstyl
6. In die kweekhuis - Straf
7. Worteldiep veranderinge – Alles kom bymekaar vir stappe na karakterverandering.

Wat bied die kursus jou?

1. Elke sessie bied geleentheid vir praktiese besprekings en oefeninge.
2. Die werksboek wat ingesluit is by die pakket, gee vir jou opwindende en prettige take om huis toe te vat en uit te probeer. Dit sal verseker dat die veranderinge langdurig en suksesvol deurgevoer word. Met ander woorde waarde vir jou geld.
3. Op die Immergroen ouerskap webwerf kan jy prakties, oulike middele koop om te gebruik as deel van jou kweekplan.
4. Groepbesprekings saam met ander ouers, gee jou die geleentheid om nuwe idee’s, toekomstige probleme en praktiese planne uit te ruil.

Wie is ek?

Ek is getroud met Eben en ons het twee kinders, Ruan 23 jaar en Eunice 21 jaar. Ek het my B-Ed graad in onderwys en het ongeveer 20 jaar onderwyservaring. Ek lewe tans my roeping uit deur daagliks besig te wees met dissipelmaking. Ek is tans voltydse Kinderwerker by NG Kerk Wellington-Oos. Ek het ‘n passie om met kinders te werk en deur Immergroen Ouerskap kry ek die geleentheid om ouers op te lei en te bemagtig om saam met hulle kinders die pad van dissipelmaking te stap en hulle suksesvol te begelei tot volwassewording ongeag hulle ouderdom.

Groete

Adell Erasmus

adellerasmus@gmail.com 082 925 7190